

## 21 Mei - HOEKSTEEN/HOEKKLIP

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:5**

**D**ie hoeksteen of hoekklip is die steen of klip wat twee mure met mekaar verenig; die fondament waarop die gebou rus. 'n Hoeksteen word met sorg gekies om die ankersteen of hoekklip te wees.

Petrus haal Psalm 118:22 aan met verwysing na Christus: "die klip (*lithos*) wat afgekeur is ... het die belangrikste klip geword" (*kephalé gonias*). Laasgenoemde is óf die hoeksteen óf die sluitsteen in die middel van 'n klipboog bokant 'n ingang. Jesus self verwys na Petrus as die rots (*petros*) waarop Hy sy kerk sal bou.

Die Griekse woord *themelios* word dikwels in die Nuwe Testament gebruik vir fondament (-steen) en dikwels as metafoor vir die vaste grondslag waarop die Christelike geloof en lewenswandel gebou moet wees. Wanneer Jesus verwys na die huis wat staande bly omdat dit op rots gebou is (diegene wat Jesus se woord hoor en doen), word *themelios* gebruik.

Paulus gebruik *themelios* (Grieks) om te verwys na die grondslag van die gemeente. Die fondament is Jesus Christus (1 Kor 3:11). In sy latere brief aan die Efesiërs (2:20) is die apostels en profete die fondament van die gemeente. In 2 Timoteus 2:19 is die gemeente self die fondament. *Hoeksteen, hoekklip, sluitsteen* word almal metafories op verskillende maniere in die Bybel gebruik, telkens om vaste grondslag aan te dui.

In 1 Petrus 2:4-10 word die gelowige opgeroep om sy/haar plig tot saamgroei met medegelowiges na te kom. Die beeld van die geestelike huis en jou plek as lewende steen dui aan dat die gelowige nie op sy eie moet en kan bestaan nie. Dit is spanwerk.

Die eintlike oproep staan in vers 5: "Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis." Christus word die *lewende steen* (vs 4) genoem. Deur na die Here Jesus te kom, word jy 'n lewende steen. Dit beteken dat jy naby Hom in 'n lewende verhouding leef.

*Sing: Psalm 132:1, 2 (1936-beryming)*

*Dr PW Bingle (Emeritus)*